

---

## Voorwoord

---

Vanjaar se uitgawe van *Lexikos* is die lywigste wat nog gepubliseer is sedert sy totstandkoming. Die rede hiervoor is die insluiting van 'n spesiale afdeling oor aanleerderswoordeboeke, bestaande uit die meeste voordragte aangebied op 'n tweedaagse seminaar wat op 11 en 12 November 2002 by die Universiteit van Pretoria gehou is. Ek wil graag die deelnemers bedank vir hul bereidwilligheid om hul lesings beskikbaar te stel vir insluiting in hierdie uitgawe van *Lexikos*.

Daar is besluit om af te sien van die klassifikasie van artikels in navorsingsartikels en beskouende artikels, soos die gebruik in *Lexikos* was sedert die vierde uitgawe. Hierdie besluit is geneem omdat baie artikels dikwels eienskappe van altwee soorte besit, wat dit soms moeilik maak om hulle onder 'n spesifieke afdeling in te deel. In vorige uitgawes sou sekere bydraes wat as beskouende artikels geklassifiseer is, ook onder navorsingsartikels ingedeel kon gewees het, en baie navorsingsartikels vertoon ook kenmerke van beskouende artikels.

Soos die geval verlede jaar was, het *Lexikos* vanjaar ook veel meer artikels ontvang as wat in hierdie uitgawe ingesluit kon word. Die bydraers moet bedank word vir hul begrip en bereidwilligheid dat hul artikels oorgedra word na volgende jaar se uitgawe.

Die keurders verdien 'n spesiale woord van dank vir hul belangrike bydrae om die artikels te beoordeel en op hierdie wyse die gehalte van *Lexikos* te verseker.

Op haar gewone entoesiastiese manier was me. Riette Ruthven verantwoordelik vir die professionele en vaardige setwerk van al die artikels. Sy het ook 'n groot deel van die korrespondensie betreffende die beoordeling en werwing van die artikels gehanteer. Me. Tanja Hartevedt het tegniese hulp verleen. Hulle altwee het 'n aansienlike bydrae gelewer tot die suksesvolle afhandeling van hierdie uitgawe van *Lexikos*.

J.C.M.D. du Plessis  
*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

---

## Foreword

---

This year's issue of *Lexikos* is the bulkiest that has been published since its establishment. The reason for this is the inclusion of a special section on learner's dictionaries, comprising most of the papers presented at a two-day seminar held on 11 and 12 November 2002 at the University of Pretoria. I wish to thank the participants for their willingness to make their papers available for inclusion in this issue of *Lexikos*.

It was decided to abandon the classification of articles into research articles and contemplative articles, as has been the practice in *Lexikos* since the fourth issue. This decision has been taken because many articles often possess qualities of both types which sometimes makes it difficult to classify them under a specific heading. In previous issues, some contributions classified as contemplative articles could also have been included under research articles, and many research articles also show features of contemplative articles.

As has been the case last year, *Lexikos* this year also received far more articles than could be incorporated in this issue. The contributors must be thanked for their understanding and willingness that their articles be carried over to next year's issue.

The referees deserve a special word of thanks for their important contribution to judge the articles and in this way to ensure the quality of *Lexikos*.

In her usual enthusiastic way, Ms Riette Ruthven was responsible for the professional and skilful typesetting of all the articles. She also handled a large part of the correspondence concerning the refereeing and requesting of articles. Ms Tanja Harteveld lent technical assistance. Both of them made a considerable contribution towards the successful completion of this issue of *Lexikos*.

J.C.M.D. du Plessis  
*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal*